Nuusbrief 12 / 13 Junie 2024

MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA
10

# RAKER

R — Respek / Respect
A — Authentic / Oorspronklik
K — Kreatief / Creative
K — Kommunikasie / Communication
E — Entoesiasme / Enthusiastic
R — Responsibility / Verantwoordelikheid

> "Hierdie hoofstuk is klaar, maar die storie is nie verby nie. Maak gereed vir 'n seisoen vol avonture"

## Uit die Hoof se Kantoor

Beste Ouers

Die tweede kwartaal is verby en die vakansie gaan begin. Die winter is halfpad en die lente is op pad!
Maak nie saak hoe mens daarna kyk nie, daar is vele perspektiewe vanuit dieselfde punt in tyd. Een ding is seker, NOU, is dit tyd om te rus. Maak asseblief seker dat u kinders goed afskakel, ontspan en kans gegun word om behoorlik kind te wees.
Indien u die geleentheid om het om vir die vakansie weg te gaan, reis asseblief veilig.

Baie sterkte aan die leerders en personeel wat die hokkie- en kriekettoere meemaak, asook dié wat by die Krieketweek wat tuis aangebied word, betrokke is.

## INLIGTING

**BLGG Studiemetodes**

**BELANGRIK**

Die skool sluit Vrydag 14 Junie om

**10:00**

...vir die skoolvakansie

### Rapporte

Gr. 1- tot Gr. 7-leerders se rapporte sal om 10:00, op Vrydag, 14 Junie, op Ed-Admin beskikbaar wees.
**Intersenfase rapporte**: Let asseblief op die persentasie per vak wat gebruik is, om die gemiddeld te bereken:

- 20 % Huistaal
- 20 % Wiskunde
- 15 % Eerste Addisionele Taal
- 15 % Wetenskap
- 10 % Aardrykskunde
- 10 % Geskiedenis
- 5 % Robotika & Tegnologie
- 5 % Rekenaars

Ouers is welkom om vanaf Woensdag 10 Julie, afsprake vir die Ouermiddag van Maandag 15 Julie, te maak.

## UNIFORMWINKEL VAKANSIE-URE

| | |
|---|---|
| Vrydag 14 Junie | 08:00-16:00 |
| Sa 15 Junie tot Do 4 Julie | GESLUIT |
| Vrydag 5 Julie | 08:00-16:00 |
| Maandag 8 Julie | 08:00-16:00 |
| Dinsdag 9 Julie | 08:00-17:00 |

Vir dringende navrae kontak die winkel gerus by 064 937 0551

## CAPRIOLE STALLE PONIEKAMP

Die baie gewilde skoolvakansieprogram is weer vir die vakansie aan die gang. Laat u kind(ers) die dag op die plaas, saam met die lieflike ponies en perde, spandeer. Aktiwiteite sluit in; perdry, borsel, voer en heelwat ponieverwante aktiwiteite. Lewenslange herinneringe van speletjies, pret en vriende (perd en mens) sal gemaak word. Hierdie kamp is vir beginners en gevorderde ruiters geskik, volgens ouderdomsgroepe en ondervinding. Daar is twee opsies beskikbaar:

**Halfdag** (09:00-13:00) @ R 320, of
**Voldag** (09:00-17:00) @ R 440

Kontak ons by 082 414 7378 of 082 573 4797 of equineiq@mweb.co.za

Klik asseblief op dié skakel vir meer inligting:

CAPRIOLE STALLE PONIEKAMP

## EDANA-TOEP

Ons skool se selfoontoepassing vir kommunikasie is opgedateer en lyk nou anders. Volg asb. die onderstaande skakel vir 'n gids om die nuwe toepassing af te laai. Dié toepassing tree vanaf 1 Julie 2024 in volle werking, maar kan nou reeds op u selfoon geïnstalleer word.

EDANAGIDS

## MANDELADAG

Op Vrydag 19 Julie vier ons Mandeladag by *Midstream Ridge Laerskool.* U is welkom om bottels na die registerklasse te bring. Bestanddele word aangekoop soos met klasmammas bespreek. Volg asseblief die skakel vir verdere inligting:

MANDELADAG



**Skool begin DV. op Woensdag 10 Julie 2024**